Meatmaster Skaaptelersgenootskap van Suid-Afrika
Meatmaster Sheep Breeders's Society of South Africa
✉:328 Brandfort 9400 ☎:(051) 821 1856 🖷:(051) 821 1267
e-mail: info@meatmaster.org Web: www.meatmaster.org
Geld uit die veld
Nature's money maker

Nuusbrief Newsletter

NUUSBRIEF VOL. 1 VAN 2009 / NEWS LETTER VOL. 1 OF 2009

Welkom / Welcome

Baie welkom aan al ons nuwe telers wat gedurende 2008 by ons aangesluit het.
A hearty welcome to all new breeders that joined us during the course of 2008.

We would like to wish all our members and those interested in Meatmasters a very prosperous 2009. May you all find courage and peace to face all the turmoil and challenges of the world wide economic crisis. Hopefully the areas still drought stricken will soon receive good rains.

Gelukkig gaan dit nog baie goed met die meeste skaapboere en met die Meatmaster genootskap uitstekend. Graag wil ons met die eerste nuusbrief van 2009 die hoogte punte van 2008 met ons lede en belangstellendes deel. Ons deel ook ons uitdagings vir 2009 met u en bring u op hoogte van ons beplande aktiwiteite vir die jaar.

Hoogtepunte van 2008/ Highlights of 2008

- **Die Meatmaster genootskap word goedgekeur en geregistreer.** Na jare se gesukkel en ten spyte van die feit dat die Meatmaster as ras goedgekeur is kon ons net nie die genootskap goedgekeur kry nie. Uiteindelik het dit vanjaar geskied en kan ons nou as ras en as genootskap ons besigheid aanpak.
- **Three Successful shows.** During the year successful shows were held at Rustenburg, Hopetown and Loeriesfontein. We as breeders where extremely surprised by the amount of people that visited the show specifically to see the Meatmaster. People were also very impressed by the unique way in which we show our Meatmasters. Breeders also got to know each other much better and slowly we are becoming the strong bond of breeders, with shared interests, we have always aimed to achieve. Our method of showing definitely leads to camaraderie and a desire to breed more profitable and better Meatmasters.
- **Veilings.** Drie suksesvolle veilings is ook gedurende die jaar aangebied met baie goeie pryse. Die eerste veiling op Rustenburg was 'n reuse sukses en is baie nuwe belangstelling in die ras gevind. Ons ontvang steeds baie navrae uit die gebied en ons behoort vir baie jare suksesvolle veilings op Rustenburg aan te kan bied. Die veiling op Loeriesfontein was onsettend goed ondersteun en het kopers van heinde en verre opgedaag. Baie dankie aan Henk Kearney, Jean du Plessis, Riaan Liebenberg en Oom Spyker van der Vyfer vir al julle harde werk om van daardie skoue en veral veilings 'n sukses te maak. Collett Farming cc het ook sy produksieveiling aangebied en het 80 ramme en 400 ooie ook baie goed verkoop.
- **Nampo.** was once again a huge success for our Meatmasters. Sheep breeders from all over South Africa attended our exhibition and even our opposition understands and respects what breeding Meatmasters is all about. We received many compliments, not just on what our sheep looked like, but also on what we are doing as a breed - emphasizing the economic value, selecting accordingly and not just talking about it. Thanks again Mario, Angelique and Eric for the good work done promoting the Meatmasters. Also to Jan Grobbler for everything he did in making our exhibition more attractive.
- **Kursusse.** Gedurende Augustus het ons vir 3 dae 'n baie geslaagde kursusse te La Rochelle, Bethulie aangebied. 32 Boere het van oor die hele land gekom om die Beginnerskursus en die Gevorderde Kursus by te woon. Die kursusgangers was dit eens dat hulle na die kursus 'n baie beter begrip gehad het van hoe om hulle Meatmasters vir winsgewindheid te selekteer. Baie het ook vir die eerste keer met prestasietoetsing vir seleksie te doene gekry. In die aande is daar lekker gekuier en na die drie dae se saam leer en swaar kry kon almal huistoe gaan gevul met geesdrif om te help bou en teel vir die sukses van die Meatmaster in Suid Afrika.
- **50 Members.** within a year our society has grown rapidly and during the Loeriesfontein Show and sale we were privileged to have our 50th Member join us. This is a remarkable achievement considering the fact that we are not just a very young breed, but also a developing breed. We are however convinced that we are on the right track and that sheep breeders realize this. Therefore they are willing to support our breed as they realize that there is tremendous economic value in breeding Meatmasters longer term.

- **Eerste BLUP Syfers.** Gedurende 2007 kon die eerste sewe jaar se prestasie syfers gebruik word om te ontleed en te sien of ons werklik waar as Meatmaster ras meer winsgewende skaap teel. Die BLUP syfers het bewys dat ons wel goed vordering maak en dat ons in die toekoms nou met die hulp van die BLUP syfers nog vinniger vordering gaan maak. As bewys daarvan gee ons vir u die volgende grafieke.

1



2



3



Daar kan duidelik gesien word dat met groei tot speen en na speen in grafiek 1 goed vordering gemaak is tot en met 2006. Die gebruik van net 2 verkeerde ramme het veroorsaak dat ons groei in 2007 gedaal het. Die eerste BLUP syfers het gehelp om dadelik die twee ramme te identifiseer en ons in staat gestel om in 2008 weer goed vordering te maak. Interressant genoeg was die twee ramme baie mooi, gladde, tipiese Meatmasters, maar nie winsgewind nie.

Met groei maternaal het ons 'n afwaartse tendens gehad tot dat ons weereens ons BLUP syfers in 2007 kon gebruik om ramme te identifiseer wat baie goed is maternaal. Die gebruik van die ramme het nou ook gehelp dat die syfer in 2008, soos gesien in grafiek 2, nou mooi opwaarts neig. Die winsgewindheid word in grafiek 3 deur Rand/cent waarde weerspieël. Daar kan ook gesien word dat goed vordering gemaak is met prestasietoetsing, maar sodra ons twee mooi ramme gebruik het wat se syfers nie reg was, het ons vir die eerste keer agteruit beweeg weereens het BLUP seleksies ons gehelp om in 2008 weer sterk opwaarts vordering te maak.

Die gegewens bewys onteenseglik hoe gevaarlik dit is om net vir mooi op die oog eienskappe te selekteer. Ook bewys dit dat sonder die hulp van BLUP syfers dit amper onmoontlik is om vordering te maak met seleksie vir maternale groei. Hierdie eienskap is geweldig belangrik as ons die Meatmaster se winsgewindheid wil verbeter tot 'n vlak bo die van alle opposisie.

Challenges for 2009/ Uitdagings vir 2009

- A serious effort must be made in some areas to rid the Meatmaster of the **Damara legacy**. Certain abattoirs, when seeing a long tail and the colours, automatically accept the breed as being Damara. Breeders of Meatmasters must make an effort, like those breeders in other areas, to prove beyond doubt that their sheep have a good enough conformation to receive the better grades. Make them cut off the tails at the abattoirs and analyze the carcass as they would any other breed being slaughtered there. Emphasize the fact that we are looking for no special treatment, just fair play. If commercial breeders in some areas want to cut the Meatmasters tail at birth to be accepted by their abattoir they should consider doing this until a stage is reached where the abattoir gets to know the breed better and accepts their carcass.
- Dit is ook onsettend belangrik om seker te maak dat u Meatmasters al gevorder het tot op 'n vlak waar die bouvorm werklikwaar goed genoeg is om te aanvaar as 'n nie-vetstert tipe met genoegsame bespiering. Ons kan nie 'n goeie prys van die slagpale verwag as die produk wat ons lewer nie op standaard is nie. Ons kan nooit weer net agter bouvorm aanhardloop en vergeet van die winsgewindheid van produksie nie maar dit is wel moontlik en juis die doel van die Meatmaster om aan albei hierdie eienskappe te voldoen.
- **Te veel telers wat net op die wa wil spring.** Ons strewe vanjaar moet nie net wees om meer lede te kry nie maar om meer van ons lede te kry om aan te sluit by die LNR en hulle Meatmasters te begin meet. Lede moet besef dat dit een van die voorwaardes was vir die registrasie van die Meatmaster as ras. In ons aansoek is dit duidelik gestel dat lede rekords sal moet hou van hulle Meatmasters en dat seleksie sou plaasvind gebaseer op die winsgewende aspekte van die ras. In die grafieke bo kan duidelik gesien word hoe telers wat aan prestasietoetsing deelneem vordering maak. In die toekoms sal daar meer en meer voordele geskep word vir lede wat prestasietoetsing doen.
- **Only performance tested sheep to be exported.** It is a government law that only performance tested sheep of developing breeds may be exported. With a very good demand for Meatmasters in some of our neighbouring territories it could also be a big advantage to join the ARC. This rule will have to be strictly applied by our society or we could experience severe penalties.
- **Net LNR aangetekende skaap mag bemark word as stoet Meatmasters.** Dit is volgens wet dat geen ander Meatmasters bemark mag word as stoet Meatmasters nie. Slegs LNR lede se skape sal dus in die toekoms as

stoet beskryf en verkoop word. Alle ander Meatmaster skape sal slegs gekeur word as aanvaarbaar in die Meatmaterkudde bedryf. Bewys moet gelewer kan word aan potensiële kopers van die potensiële genetiese verbetering van stoetdiere en dit kan slegs geskied met LNR produksiesyfers. Voorbeeld van produksie syfers:

RAMME

Ram se eie waardes					Ram se BLUP waardes				
Skaap no	**Geboorte Datum**	**Geboorte Status**	**Speen Indeks**	**Na Speen Indeks**	**Speen Direk**	**Speen Matrenaal**	**Na Speen Direk**	**Lammers Gespeen**	**R/c Waarde**
6201	7.09.06	Tweeling	108	95	+	*	+	*	*
6340	22.09.06	Enkel	94	98	=	-	=	X	-
7060	11.04.07	Tweeling	109	114	*	X	*	+	+
7430	27.09.07	Enkel	121	120	*	+	*	-	*

OOIE

Ooi se eie waardes					Ooi se BLUP waardes				
Skaap no	**Geboorte Datum**	**Geboor-te Status**	**OPI Indeks**	**Gemiddelde Speen Indeks**	**Speen Direk**	**Speen Matrenaal**	**Na Speen Direk**	**Lam-mers Gespeen**	**R/c Waarde**
3054	02.04.2003	Enkel	99	101	=	-	-	+	=
6160	03.09.2006	Enkel	109	82	*	*	*	*	*

Verduideliking Van Kodes

*	Beste 10%
+	Beste 40%
=	Gemiddeld van die groep
-	Onderste 40%
X	Swakste 10%

Verwagte Resultate

Speen Dir : Maak jou skape swaarder met direkte groei op speen			
Speen Mat : Sal veroorsaak dat jou ooie meer melk het en lammers in die algemeen goed versorg.			
Na Speen Dir : Sal jou skape swaarder maak met na speen se groei			
Lammers gespeen : Jou vrugbaarheid verhoog, kry meer meerlinge aan wat ook oorleef.			
R/S Waarde: Jou wins verhoog of verlaag. Sou inset koste verhoog vir beter produksie moet bereken word hoe dit die wins beinvloed en of dit die moeite werd is.			

- **Improvement regarding the standard of Meatmasters on breed promotional sales.**
  At this stage there is a vast difference between the best and the weakest to be found on sales held under the auspices of the society. This year we will have to make sure that all sheep meet our breed standards. Slowly but surely breeders are starting to look at petty non income generating aspects such as no wool covering and a short shiny coat as being more desirable than a sheep with a limited amount of wool covering that he is able to shed annually with a good conformation growth and carcass to produce profitable lambs. It must be remembered that as far as Meatmaster breeding is concerned it is always more important to have the production to satisfy the abattoir and make money for the farmer than to produce pretty sheep. It is however also important to remember that it is possible to do both and that performance testing will greatly improve your chances to achieve this. Stud recorded sheep might not necessarily be the most beautiful but should always be the most profitable.

Verslag:
Jean du Plessis, Hope Town

Die Bo Karoo Meatmaster telers se jaarlikse tentoonstelling word vanjaar weer eens op Hopetown skou 20 en 21 Februarie 2009 aangebied. Ons verwag 15 telers wat ongeveer 300 Meatmasters sal vertoon. Telers kry die geleentheid om hul skape in drie ouderdomsgroepe, naamlik ongewissel, 2-4 tand, 6 tand tot volbek te vertoon. Verlede jaar is slegs Junior en Seniors vertoon en ons hoop om met hierdie aanpassing meer eenvormigheid binne klasse te verseker. Vertoners kan na hul groepe bespreek is 'n maksimum van twee skape per ouderdomsgroep nomineer wat aan die rasverteenwoordigers klas mag deelneem.

Voorlopige program:

20-2-2009

14:00	Opening en verwelkoming
14:30	Behandel Rasstandaarde
15:00	Vertoning begin met ooi lammers

21-2-2009

08:00	Vertoning hervat
16:00	Aanwysing van rasverteenwoordigers met skemerkelkie.

Hierdie is 'n ideale geleentheid vir almal wat in Meatmasters belangstel om meer van die ras te leer en ook die telers te ontmoet. Die Meatmaster Genootskap gebruik hierdie geleentheid eerder vir raspromosie as kompetisie tussen telers.

Ons beplan ook 'n veiling wat sal saamval met ons Algemene Jaarvergadering in Augustus, alle lede van die genootskap mag skape inskryf. Ramme sal tot 'n maksimum van 50 en ooie tot 'n maksimum van 200 beperk word. Meer inligting rakende die veiling sal later verskaf word.

Verslag:
Henk Kerney

Loeriesfontein Landbougenootskap was bevoorreg om tydens hulle jaarlikse Landbouskou in Oktober die Kaaplandse Rasverteenwoordigers te kon tentoonstel. Twintig telers het hieraan deelgeneem en van die beste diere in die land is hier tentoongestel. Dit was 'n reuse sukses en graag wil ons vir almal bedank wat bygedra het tot hierdie sukses.

Ook tesame met die skou is daar 'n veiling aangebied in samewerking met CMW. Ook hierdie veiling was 'n groot sukses. Ongeveer vyftig kopers van reg oor die land en Namibië het geregistreer vir die veiling. Daar is 210 diere verkoop en die omset van die veiling was R406 000-00. Die duurste ram is verkoop teen R23,000.00 en die duurste ooi teen R8,000.00. Daar word beplan om dit 'n jaarlikse instelling te maak.

Die Nasionale Rasverteenwoordigers word hierdie jaar te Loeriesfontein aangebied asook weer 'n veiling DV.

Die voorlopige datums is 22 en 23 Oktober 2009. Ons nooi almal uit na hierdie geleentheid.

Presidentsverslag
soos voorgelê op Jaarvergadering.

The past year will be remembered as a year in which Meatmaster breeders experienced God's grace as drastic changes in the economy of not only the R.S.A. but the entire world took place. The rapid rise in interest rates, the cost of living, and fuel prices ect. drastically changed the way of life and spending habits of the ordinary man in the street.
The exceptionally higher input costs to agricultural and stock farmers added to their plight, but was considerably lightened by the fact that the entire country was blessed with very good rainfall and an excellent price for most products.

Sou gunstige weerspatrone en produkpryse egter in die komende seisoen verswak sal dit 'n geweldige invoed op die landbou hê.

Waar staan ons wat met Meatmasters boer in hierdie tye van ekonmiese warboel? Ek weet dat ons beginsels van Meatmasterteling juis so vir die ras neergelê is om ons nog onder sulke ongunstige omstandighede in staat te stel om ekonomies skaapvleis te produseer. Vele skaapvleis produsente besef opnuut dat hulle insetkoste drasties moet verlaag om winsgewend te boer maar boer met rasse wat nie in staat is om te kon produseer sonder die nodige hulp en byvoeding nie. In hierdie moeilike tye word ons dus oorval met navrae oor die Meatmaster ras. Al die navrae en populariteit van die Meatmasters stel egter sekere eise aan die ras.

Nuwe beleggers in die Meatmaster ras wil verseker weet dat Meatmasters wel kan lewer waarop hulle roem
Are we this superior genetic breed able to maximize production at extremely low cost or is it all just talk – as with most other breeds. To ensure that we are able to deliver the correct product we give all our members the opportunity to make use of the correct tools needed to breed more profitable Meatmasters. It is up to you to make use of them.

Die kursusse wat ons tans aanbied gee aan elke lid die geleentheid om betrokke te raak in prestasietoetsing en/of registrasie. Alle lede moet verseker weet en verstaan dat slegs lede wat hierdie ekstra moeite doen in die toekoms die vrugte sal kan pluk van baie beter pryse vir hulle ramme en ooie. As die Meatmaster ras sal ons ook slegs ons beter winsgewindheid oor ander rasse kan bewys as genoegsame telers aan prestasietoetsing deelneem.

Die mikpunt van ons genootskap vorentoe is genoegsame stoettelers wat instaat is en ook bereid is om doelgerig rekord te hou en te selekteer op hul gegewens vir die mees winsgewindste Meatmaster. Hulle sal dan in staat wees om aan 'n baie baie groter kommersiële bedryf ramme te voorsien wat sal verseker dat Meatmaster kudde boere onder alle omstandighede altyd meer winsgewind kan boer as met 'n ander ras.

Kuddeboere wat ons kursusse bywoon sal ook geleer word hoe om met prestasiesyfers die regte ram vir hulle kommersiële doeleindes te kan uitsoek.

Hoogtepunte van die jaar

1. **Nampo** was weereens 'n geweldige sukses en is ons ras baie goed geadverteer. Baie dankie aan Mario, Angelique, Jan Grobler en ook Eric Taaibos wat gehelp het met die stalletjie en die bemanning daarvan. Ons het weereens by 'n honderd nuwe name en adresse van belangstellendes ontvang.

2. **Veilings;** Daar is twee baie geslaagde veilings gehou te La Rochelle, Bethulie en ook op Rustenburg. Die gemiddelde prys vir 80 ramme was net oor die R5,000 en vir 400 stoet ooie net oor die R2,000. Baie dankie aan Riaan Liebenberg met al die reëlings.

   Op al ons veilings onder beskerming van die genootskap sal ons in die toekoms baie strenger keuring moet toepas aangesien skape wat nog verder opgegradeer moet word eerder uit die hand verkoop moet word.

3. **Skoue:** Daar was ook baie goeie belangstelling in ons ras beide op Hopetown en Rustenburg se skou. Vertoners en toeskouers geniet ons metodes baie en neem deel aan al die besprekings. Baie dankie aan Jean Du Plessis en Oom Spyker vir al die reëlings en ook aan Jean en Johnny Morrison vir die beoordeling. Julle het julle puik van jul taak gekwyt.

   Ons sien ook geweldig uit na die skou en veiling gedurende Oktobermaand op Loeriesfontein en dank byvoorbaat vir Henk Kerney vir al die harde werk wat hy insit. Kom ons ondersteun hulle heelhartig.

4. **Ons nuwe folders en fliers** vind ook baie goeie aftrek en wil ek graag al ons borge baie hartlik bedank. Sonder julle sou alles nie moontlik gewees het nie.

Baie dankie aan elke raadslid wat sy deel bygedra het deur die loop van die jaar.
In future we will have to grow into still a closer knit unit as the growth of the Society brings more responsibility. We must also look at new methods of management to meet the needs of the dynamic Society we intend to be.

Christene du Toit

For me personally but for a lot of other members as well, Christene du Toit's death came as a severe shock. She was a mighty pillar of this society. Tot eer aan haar nagedagtenis mag ons nooit afwyk van die beginsels van Meatmaster teling wat sy help instel het nie. Aan Jannie, kinders en kleinkinders van al ons Meatmasters telers, ons innige meegevoel. Ek persoonlik het 'n regterhand verloor wat ek bevoorreg was om oor baie jare mee te kon saamwerk. Ek mis jou eerlikheid, hulpvaardigheid en goeie gesindheid geweldig. Daar is die lewe en dan die dood vir ons almal. Mag ons daarvoor soos jy, gereed wees. Dankie vir die pad wat jy vir ons aangewys het.

Baie dankie vir elke lid se teenwoordigheid hier vandag. Die Meatmaster se gewildheid neem geweldig toe en ek vertrou dat elke lid sal help bydra tot die welvaard van die genootskap en die verbetering van die Meatmaster skaap. Mag ons gesindheid teenoor mekaar spreek van respek, eer, hulp en aanvaarding terwyl ons saamgebind word as 'n familie van Meatmastertelers wat altyd die ras voor eie belang plaas. Mag God ons ryklik seën in ons strewe daartoe.

Dankie: Clynton Collett.

Jaar Program 2009

13 Februarie 2009 –	Produksieveiling Collett Farming CC, 100 Ramme – 400 Ooie
20 Februarie 2009 –	Raadsvergadering om 8:00 vm
20 en 21 Februarie 2009 –	Hope Town Skou – Meatmater Rasverteenwoordigers Tentoonstelling
12-15 May 2009 –	NAMPO Oesdag Besoek ons Meatmaster Stalletjie
Einde May 2009 –	Rustenburg Tentoonstelling
16-18 Junie 2009 –	Kursus- La Rochelle, Bethulie
Augustus 2009 –	Hope Town Veiling
Augustus 2009 –	Jaarvergadering en Raadsvergadering met Hopetown Veiling
22-23 Oktober 2009 –	Nasionale Meatmaster Tentoonstelling en veiling, Loeriesfontein.

Geniet julle Meatmasters

– Kantoor –

Enjoy your Meatmasters

– Office –